

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
 Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
 en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)

*O Heer, help my om altyd so te leef –
 om ander hoër as myself te ag,
 ja, om lief te hê – ander bo myself –
 en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
 Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
 Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 leer my om ook soos U te kan vergeef.
 Maak my bereid om aan myself te sterf,
 dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Kalmte in die storms

Skriflesing: Markus 4:35-41

“There are some things you learn best in calm, and some in storm.”

— Willa Cather, *The Song of the Lark*

Broodjies vir die pad

“My dear,
 In the midst of hate, I found there was, within me, an invincible love.
 In the midst of tears, I found there was, within me, an invincible smile.
 In the midst of chaos, I found there was, within me, an invincible calm.
 I realized, through it all, that...
 In the midst of winter, I found there was, within me, an invincible summer.
 And that makes me happy. For it says that no matter how

hard the world pushes against me, within me, there’s something stronger – something better, pushing right back.
 Truly yours,

Albert Camus”

— Albert Camus

“My religion consists of a humble admiration of the illimitable superior spirit who reveals himself in the slight details we are able to perceive with our frail and feeble mind.”

— Albert Einstein

“To love means loving the unlovable. To forgive means pardoning the unpardonable. Faith means believing the unbelievable. Hope means hoping when everything seems hopeless.”

— G.K. Chesterton

“If a man is to live, he must be all alive, body, soul, mind, heart, spirit.”

— Thomas Merton, *Thoughts in Solitude*

As jou seun en kleinseun albei in Kanada is

Dana Snyman

Dries diens my Nissan-bakkietjie en ek staan by hom in die werkwinkel. Hy spook met ’n vonkprop wat nie wil loskom nie.

“Jy’t nie kinders nie, nè?” Hy kyk met ’n diep frons tussen die oë na my.

“Nee,” sê ek. “En jy?”

“Twee. ’n Seun en ’n meisiekind.”

Hy vat die spênner met albei hande vas. Die are op sy voorarms swel en swel, maar die vonkprop wil nie skiet gee nie.

“Is hierie blêrrie seelug,” sê hy. “Als roes vas.” Dis maar die tweede keer dat ek ’n ryding na Dries toe bring.

Hy gaan haal ’n blikkie Q20 op die werksbank teen die muur en spuit daarvan op die halstarrige vonkprop.

“Ek’t my seun laat leer,” sê hy. “Stellenbosch. Tandarts.”

Hy beduie na die hout-en-glashokkie in die hoek van die werkwinkel waar hy sy papierwerk doen. “Daar hang die foto.”

Pa, kan jy nie die boodskap in Engels stuur nie? Die kind verstaan nie Afrikaans nie.

Teen die muur in die hokkie, agter Dries se oorvol lessenaar, is ’n geraamde foto wat ná die seun se gradeplegtigheid op Stellenbosch geneem is. ’n Jong man in ’n akademiese toga, met Dries en sy vrou weerskante van hom. Dries in ’n pak klere wat effens te styf aan hom klou.

“Julle’s seker baie trots op hom,” sê ek. “Hy sit nou in Kanada – hy en sy vrou.” In Dries se stem is opeens iets stram.

“Hulle laaitie verjaar nogal vandag. My kleinseun. Word vyf. Ek’t vir hom ’n boodskap gestuur. Een van hierdie stemgoed.” Hy wys na die selfoon in sy oorpakbaadjie se bosak.

“Toe laat weet my seun: ‘Pa, kan jy nie die boodskap in Engels stuur nie? Die kind verstaan nie Afrikaans nie.’”

Dries skud sy kop. “Ek moet nou met my enigste kleinseun Engels praat. Hoe moet ek vir hom in Engels sê: ‘Kom kuier ’n bietjie vir jou oupa lat jou oupa vir jou kan wys hoe trek ’n mens kreef en hoe eet jy ’n bokkom . . . ?”

Weet jy hoe hard het ek hier gewerk om daai kind deur universiteit te kry?

“Come and see your grêndfather that he cên show you how to pull a . . .” Hy sug. “Ek weet nie eens wat is ’n donnerse kreef in Engels nie.”

Hy kyk stil deur die werkwinkel, asof hy homself van iets probeer oortuig. Die werkbank, met die moersleutels bokant dit, elkeen netjies omkring met ’n swart viltpen. Die plat domkrag op vier wieletjies.

“Weet jy hoe hard het ek hier gewerk om daai kind deur universiteit te kry?”

Hy hou sy oliebesmeerde hande oop voor hom in die lug.

“Ek’t nog nie eens daai kleinseun van my vasgehou nie, weet jy. Hulle’s ses jaar gelede hier weg en was nog nie weer terug nie.”

Dries stap na die stoortjie aan die werkwinkel se agterkant. “Ek’s nou terug,” sê hy en gaan by die stoortjie in. ’n Rukkie later kom hy weer uit.

Hy moes met sy hande oor sy gesig geeve het toe hy daar binne was, want sy wange is vol oliestrepe.

“Hierie ding gaan ons nie vandag baasraak nie, my maat,” sê hy en kom buk weer oor die Nissantjie se enjin.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/as-jou-seun-en-kleinseun-albei-in-kanada-is-20180606>

Blare per pos

Twee herfsblare – gewebde paar
aan één pols vas, doodsblyk deuraar –
het vroeg hul tak tot siens gewenk,
die wind ontwyk met ’n kort swenk,
die suiderkruis gekies tot skyf,
daglank, naglank ’n boog beskryf.
Dor soos die blad waaraan hul kleef
reik hul te voorskyn uit die skreef.
Aan die motief wat ingegrif
bly – vae stempel op die skrif –
mag mens jou weer eens vergewis
van afstand, van verbintenis.

Elisabeth Eybers. Uit: *Balans*. 1962.

“The most beautiful thing we can experience is the mysterious. It is the source of all true art and science. He to whom the emotion is a stranger, who can no longer pause to wonder and stand wrapped in awe, is as good as dead — his eyes are closed. The insight into the mystery of life, coupled though it be with fear, has also given rise to religion. To know what is impenetrable to us really exists, manifesting itself as the highest wisdom and the most radiant beauty, which our dull faculties can comprehend only in their most primitive forms—this knowledge, this feeling is at the center of true religiousness.”

— Albert Einstein, *Living Philosophies*

Brood vir die pad

Ons stories en ons stiltes stempel ons
nalatenskap

Wat is ons nalatenskap aan ons kinders en jonger generasies? Wat erf hulle van ons? Baie van ons sou sekerlik heelwat waardevolle materiële dinge en ’n aantal positiewe waardes in dié verband kon opnoem.

Maar die meeste van ons is waarskynlik pynlik daarvan bewus dat ons nie net ons voortrefflikhede aan ons kinders oordra nie, maar ook ons foute; nie net ons wyskede nie, maar ook ons vrese.

In ’n artikel in die bundel *Breaking Intergenerational Cycles of Repetition: A Global Dialogue on Historical Trauma and Memory* verwys Jeffrey Prager na ’n oorlewende van die Joodse slagting wat haar vrees dat sy haar trauma aan ander sal oordra, só verwoord: “Hitler is dood. Maar steeds kan hy sy doel bereik om ons te vernietig as ons die haat, wantroue, pyn en al die onmenslikheid waaraan ons soveel jare blootgestel is, gaan internaliseer.

“Ek vrees dat dit moontlik is dat ons in die proses gestroop is van ons vermoë om te hoop, om lief te hê en om weer te vertrou”.

Dit gebeur inderdaad baie maklik dat ons swaarkry, haat en bitterheid as gevolg van pynlike ervarings in die verlede nie net ons eie lewe op ’n negatiewe wyse stempel nie, maar dat dit ook deur ons stories en stiltes in die lewe van ons nageslag ’n teelaarde vind.

En só word patrone van polarisasie en geweld van geslag tot geslag oorgedra.

In Genesis 4 lees ons in die geslagsregister van Kain, wat sy broer, Abel, vermoor het, dat Lameg etlike geslagte later aan sy vrouens gesê het: “Ek maak ’n man dood as hy my wond, ’n seun as hy my seermaak. Kain sal sewe maal gewreek word, Lameg sewe en sewentig maal!” (4:23-24). In hierdie oerverhaal is daar dus sprake van ’n siklus van geweld wat herhaal.

In die lig van die hardnekkigheid van trauma, ook oor die tyd heen, is die vroeë daarom van wesenlike belang wat Pumla Gobodo-Madikizela in die inleiding van *Breaking Intergenerational Cycles of Repetition* aan die orde stel.

Hoe manifesteer die trauma van mense wat geweld beleef het in opeenvolgende geslagte? En: Hoe kry samelewings dit reg om met hul traumatiese verlede te breek?

Hierdie vrae het nie maklike antwoorde nie – nie op persoonlike of politieke vlak nie. Dit dui wel op die noodsaaklikheid van eerlike en voortdurende gesprek – ook tussen generasies – oor ons ervarings en houdings ten opsigte van die trauma van die verlede en die hoop vir die toekoms. – RRV

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ons-stories-en-ons-stiltes-stempel-ons-nalatenskap-20180615>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.